Maandag
Kor. 10. Teks: 2 Kor. 10: 5b en 6: "Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus, en staan gereed om elke ongehoorsaamheid te straf, ..." Tema: God beveg goddeloses en hou ons gehoorsaam in sy liefde. 'n Bekgeveg oor God! Hulle sê God sleg en ons moet God verdedig. Dit is al meer hoe ons as gelowiges vandag in die openbare media en lewe uitgedaag word. Ons moet met goddeloses bekgevegte in koerante op sosiale media voer om God se eer te verdedig teen hulle slegsê van God. Ons kinders ken hierdie bekgeveg by skole! Kinders wat ander kinders tot geveg uitlok om hul ouers se eer te verdedig. Wat moet 'n kind doen as 'n ander kind uitdagend en uittartend voor hom kom staan en vir hom vertel hoe sleg is sy pa? Dan moet jy vir jou pa eers 'n bekgeveg hou en daarna moet jy dapper en manhaftig jou pa se eer verdedig deur hierdie kind te slaan en te skop. As jy dit nie doen nie, dan het die uitdagende kind bewys jy is 'n sissie, 'n lafaard en 'n swakkeling omdat jou ouers sleg is. Sterk kinders wat sterk ouers het baklei met ander kinders vir hulle ouers se eer! Kinders wat lafaards is, baklei nie vir hulle pa se eer nie want hulle ouers is nie werd om voor te baklei nie. Is dit waar? Wil 'n pa hê sy kind moet sy eer verdedig met bekgevegte en bakleiery? Nee! Hulle wil heeltemal iets anders hê. Hulle wil hê hulle kinders moet glo in hulle liefde en gehoorsaam aan hulle ouers wees. Hulle moet huiswerk doen en aan sport deelneem. En dit is heeltemal 'n ander tipe stryd as bekgevegte en bakleiery. Hierdie stryd gaan oor luiheid en toewyding. Watter kinders eer hul ouers? Nié hulle wat met bekgevegte en bakleiery vir hul eer veg nie, maar hulle wat uit die geborge liefde van hul ouers gehoorsaam is – wat oor hul luiheid kom en fluks is. So wat is die kuns van die lewe? Dit is om te weet wat is sommer net 'n bakleiery en wat is die regte stryd wat ons moet stry. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds Petrus.

Dinsdag
Kor. 10. Teks: 2 Kor.10: " 5b en 6: "Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus, en staan gereed om elke ongehoorsaamheid te straf, ..." Tema: 'God beveg goddeloses en hou ons gehoorsaam in sy liefde.' Paulus wys vir die lidmate in die gemeente Korinthe wat is die regte geveg en wanneer is jy regtig sterk. Paulus wys dat gelowiges glad nie vir God se eer kan baklei met ongelowige en goddelose mense nie. Hy wys dit op twee maniere: eers deur te wys hoe God self veg, en dan waaroor die regte stryd vir gelowiges gaan. Hy doen dit in hierdie verse: "4 Die wapens van ons stryd is immers nie menslik nie, maar danksy God kragtig om sterk vestings af te breek, redenasies te vernietig en ook elke skans wat opgerig word teen die kennis van God." Vestings is sterk wegkruipplekke en skanse is sterk verdedigings terwyl jy besig is om aan te val. Wie voel hulle kruip hier veilig weg en is veilig in hulle aanvalle teen die "kennis van God"? Hierdie "kennis van God" is die kennis van God se liefde en genade in en deur Jesus Christus. Dit is die kennis van die evangelie van Jesus Christus. Dit is hoe God Homself bekend maak in die prediking, doop en nagmaal.
Dít is goddeloses: Goddeloses is mense wat voel hulle is veilig en sterk in hulle redenasies teen die kennis van God, en sterk en kragdadig in hulle aanval op die kennis van God. Maar dit is 'n valse veiligheid en kragdadigheid want God self breek hulle redenasies, hulle vestings en skanse af. Hy breek hulle veilige plekke waaruit hulle dink hulle Hom kan slegsê en Hom kan beledig, en Hy vernietig hulle sterk posisies waarmee hulle voel hulle God kan slegsê. Wie veg hierdie geveg? Paulus of God? Dit is God self. God veg vir sy eie eer - nie gelowiges nie. En die manier

waarop God dit doen, is deur die boodskap van Christus. Al wat Paulus en die kerk moet doen, is om hierdie boodskap te verkondig: God self breek al die sterk plekke waarin mense God ignoreer of aanval, deur hierdie kennis. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Woensdag
Kor. 10. Teks: 2 Kor.10: “ 5b en 6: "Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus, en staan gereed om elke ongehoorsaamheid te straf, ...” Tema: 'God beveg goddeloses en hou ons gehoorsaam in sy liefde.' Gelowiges is met ’n heeltemal ander stryd besig: hulle is besig met die stryd tussen gehoorsaamheid aan Christus, en ongehoorsaamheid aan Christus. Gelowiges ken die liefde van God vir sondaars – Paulus noem dit die nederigheid en sagmoedigheid van Christus. (2 Kor. 10: 1) Dat Hy wat Here is, sélf die sonde dra en self sy kinders goed en reg maak vir Hom! Hulle ken ook die liefde vir Christus: om God se gebooie te gehoorsaam uit liefde vir die Here. In hierdie stryd gebeur iets heeltemal anders as om vir God te baklei. “Ons neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid en bestraf elke ongehoorsaamheid.” Watse tipe geveg is hierdie: “Ons neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid en bestraf elke ongehoorsaamheid.”? Wat maak jy as kind wanneer ’n ander kind jou uitdaag om vir jou pa se eer te baklei? Jy sê vir hom: “Ek hoef jou nie te slaan en te skop om te wys my pa is goed nie. My pa wys elke dag self hy is goed. As jy ’n saak teen my pa het, gaan sê dit vir homself. My pa het my lief en hy het gesê ek moet nie ander kinders slaan en skop nie, ek moet hulle respekteer.” Wat maak jy as jy dit sê? Jy neem hierdie gedagte om jou uit te vang om vir jou pa se eer te baklei, gevange. Hierdie gedagte vang jóú nie vas in die ongeloof dat jy nou vir jou pa iets moet doen, omdat hy dit nie self kan bewys of doen nie. Én... jy bestraf die ongehoorsaamheid om te baklei as iets wat jou pa jou verbied het. Jy bestraf die oneerbaarheid van bakleiery en jy verbind jou aan die gehoorsaamheid dat jy by die skool is om te leer en sport te beoefen. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.
[
Donderdag
Kor. 10. Teks: 2 Kor.10: “ 5b en 6: "Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus, en staan gereed om elke ongehoorsaamheid te straf, ...” Tema: 'God beveg goddeloses en hou ons gehoorsaam in sy liefde.' Van die lidmate het gedink Paulus is ‘n sissie omdat hy nie saam met hulle bekgevegte oor God het nie: “... wat glo bedees is wanneer ek teenwoordig is maar ewe manhaftig teenoor julle optree wanneer ek afwesig is" (10:1) en:“Sy briewe is gewigtig en streng, maar sy persoonlike teenwoordigheid is swak, sy woorde is niks werd nie” (10: 10). Maar terwyl hulle hom aan die eenkant as swak sien, beskuldig hulle hom aan die ander kant van manhaftigheid, grootdoenerig baasspelerig.
Wat is hier besig om te gebeur?
Dit sien ’n mens ook met hierdie bakleierige kinders by die skool. Dit is nogal ’n baie snaakse ding as jy dit eers kan raaksien. Hierdie kinders is die hele dag besig om hulle maats se ouers sleg te sê en jy mag dit ook doen. Dit alles is ’n manier waarop hulle maats is: hulle is besig met die kragspeletjie om mekaar sleg te sê. Maar daar is net een ding wat jy nooit in hierdie slegsêery mag doen nie: jy mag nie iets wat hulle regtig verkeerd doen, vir hulle sê nie. Jy mag nie sê: “Jy doen nie goed met jou toetse nie omdat jy nie leer nie, jy is lui.” As jy dít sê, dan breek jy die reëls van hierdie slegsê speletjie. Dan is jy manhaftig. Hierdie lidmate was deel van ’n kragdadige geestelikheid waarin hulle gewoond was om mekaar sleg te sê, en dit die

werk was van die sterkste dominee om almal namens God sleg te sê. (2 Kor. 11: 18,19) Paulus noem dit: julle verdra dit om as slawe behandel te word, om in die gesig geklap te word met minagting en uitgebuit en bedrieg te word. Julle verdra dit as God se kragspeletjie. Maar wanneer Paulus vir hulle wys op die regte sonde wat hulle regtig doen, dan kan hulle dit nie verdra nie. Dan beskuldig hulle hom dat hy manhaftig is! Grootdoenerig en baasspelerig! Paulus verklaar sarkasties dat hy nie aan hierdie bekgeveg deelneem nie. “Ek sê dit tot my skande, dat ons te swak geword het daarvoor.” (11: 21) Hierdie bekgeveg is nie die regte stryd van gelowiges nie. Gelowiges stry die stryd om gehoorsaam aan God te wees deur sonde as sonde te bestraf. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds Petrus.

Vrydag
Kor. 10. Teks: 2 Kor.10: “ 5b en 6: 'Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus, en staan gereed om elke ongehoorsaamheid te straf, ...” Tema: 'God beveg goddeloses en hou ons gehoorsaam in sy liefde.' Wat sien hierdie lidmate in Korinte nie raak nie? Hulle sien nie die verskil tussen ‘n bekgeveg en die regte stryd van gelowiges raak nie. Terug by ons voorbeeld. Kom ons kyk weer na hierdie uitdagende kinders wat jou pa slegsê! Hoekom soek kinders bekgevegte oor ander kinders se ouers? Want, en dit is die groot geheim wat jy van hierdie kinders moet ontdek: hulle ken nie ouerliefde nie. Hulle ken net hulle eie kragdadigheid. Wanneer hulle huis toe gaan, gaan hulle na huise waar hulle ouers afwesig is en hulle vir hulle self alleen moet sorg. En dít is hoekom hulle (volgens ons voorbeeld) jou ouers sleg sê want hulle het nie teenwoordige en liefdevolle ouers nie. Hulle moet kragdadig vir hulle self instaan. Sulke kinders veg nooit vir hul ouers nie, maar is net kragdadig teenoor kinders wat goeie ouers het. Hulle baklei vir hul eie eer, deur kinders wat goeie ouers het se ouers sleg te sê.
Dít is goddeloses se bedoeling met hul bekgeveg teen gelowiges: om hul kragdadigheid in hul godloosheid te vertoon en daarom veg hulle teen gelowiges asof God wat hulle lief het ‘n eerlose God is. Ons veg nie bekgevegte vir God nie, maar neem elke redenasie gevange om in God te bly glo en Hom volgens sy wet te gehoorsaam. Ons veg nie goddeloses in hul godloosheid nie. Ons gelowiges leef in God se liefde vir ons en dien Hom in sy liefde vir ons. Ons gee hulle nie geleentheid om hul kragdadigheid teenoor God teenoor ons te bewys nie. Dit is wat met ons as kerk gebeur in die nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap: die openbare pers en sosiale media het hierdie bekgeveg van goddeloses teen God deel van die openbare lewe gemaak. Hoe sien hulle hierdie “bekgeveg”? As ‘n vertoon van hulle kragdadige redenasies wat vir hulle veilige vestings en skanse teen God self is. As ‘n vertoon van ons swakheid omdat hulle God sleg sê. Hiermee word ons gelowiges uitgedaag om vir God en God se eer te moet veg. Ons moet nou in ’n bakleiery betrokke raak waarin ons geskop, geslaan en gebyt gaan word, en ons moet nou terugslaan, skop en byt vir die eer van God. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds Petrus.

Saterdag ekstra
Kor. 10. Teks: 2 Kor.10: “ 5b en 6: "Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus, en staan gereed om elke ongehoorsaamheid te straf, ...” Tema: 'God beveg goddeloses en hou ons gehoorsaam in sy liefde.' Wie is ons? Ons is Christene wat elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan God en gereed staan om elke sonde as ongehoorsaamheid te bestraf. Ons neem elke

redenasie en aanval op God gevange - nie met teenredenasies en teenaanvalle nie, want dan is dit net ‘n bekgeveg. Ons neem dit in gevange deur Christus se liefde teenoor ons te bely. Ons ken God in sy liefde vir ons en hoef nie God teenoor goddeloses te verdedig nie. Ons veg nie vir God nie, maar ons spreek sonde in die gemeenskap as sonde aan – en bestraf dit as sonde. Nie as beterweterigheid of morele hoogmoedigheid nie, maar omdat ons gereed staan teen elke vorm van ongehoorsaamheid aan God. Ons veg teen ons eíe sondigheid omdat God ons liefhet en ons God mag liefhê. So bly ons in die geloof besig met wat regtig is – ons diensbaarheid en toewyding aan God in ‘n goddelose wêreld wat net oor Hom wil bekgevegte hou. Ons gehoorsaamheid om God in die openbare lewe te eer, te dien en lief te hê, is geen bekgeveg met goddeloses nie. Dit is net wie ons in die liefde van God ís en sál wees. Ons sál openbare sondes as openbare sondes aanspreek in en teenoor openbare instellings! Ons sál gehoorsaamheid uitleef in elke en alle openbare instellings. En dit is iets anders as die kragdadige slegsê-speletjies van geestelikes. En ons weet reeds al hoe gaan die goddelose wêreld reageer wanneer ons so glo en leef! Hulle gaan ons as swakkelinge beskou omdat ons nie deelneem aan hulle kragdadige bekgevegte nie en wanneer ons hulle sondes as sonde gaan aanspreek om onsself daarvan te onderskei om gehoorsaam aan God te leef, gaan hulle ons beveg as manhaftige hooghartige mense. Swakkelinge wat manhaftig is! Wie is ons? Kinders van God wat elke redenasie teen God in gevange neem om God te bly dien én elke sonde aanspreek om God te kan bly gehoorsaam wees. Dit is wie ons is en die wêreld sal ons nie verander nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.